FACEBOOK / MEDIA

*NAAM VAN LEERDER:*_____ *Gr.*____

Kies die toepaslike blokkie

[ ] Hiermee verleen ek toestemming dat my kind in foto's op sosiale media mag verskyn en dat die skool foto's van my kind na die pers mag stuur.

[ ] GEEN foto van my kind mag op sosiale media verskyn of na die pers gestuur word nie.

GESLOTEKRINGTELEVISIE

Geslotekringtelevisie is by die skool geïnstalleer. Hierdie stelsel sal op so 'n wyse bestuur word, dat dit nie inbreuk maak op die regte van leerders, personeel, ouers en besoekers van die skool nie.

DISSIPLINE

Elke ingeskrewe leerder is onderworpe aan die gedragskode van Laerskool Gamtoosvallei. Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van SA, Wet 108 van 1996, die SA Skolewet, Wet 84 van 1996 en toepaslike wetgewing.
Die beleidsdokument is by die skool ter insae en sal streng gevolg word.

MEDIKASIE DEUR LEERDERS GEBRUIK

*NAAM VAN LEERDER:*_____ *Gr.*____

Merk toepaslike blokkie:

Methylphenidate	
Ritalin	
Risperidone	
Strattera	
Concerta	
Medikasie vir epilepsie	
My kind gebruik nie bogenoemde medikasie nie.	

_____ _____

OUER/VOOG DATUM

GEDRAGSKODE VIR OUERS EN BESOEKERS

Elke ouer en/of besoeker aan die skoolterrein verbind hom/haar daartoe om:

- die gedragskode en al die reëls en regulasies van Laerskool Gamtoosvallei getrou na te kom;
- hoë morele en etiese standaarde te handhaaf wanneer hy/sy die skoolgrond besoek of skoolaktiwiteite bywoon;
- daarna te streef dat sy/haar optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, leerders, besoekers en veral skeidsregters te betoon.

Gedrag gedurende skoolbesoeke of skoolaktiwiteite

Ouers en/of besoekers moet so optree dat hulle nie skool se naam oneer aandoen of personeel of leerders in die verleentheid stel nie. Hulle gedrag moet van so ‘n aard wees dat hulle altyd ‘n goeie beeld van die skool na buite sal uitdra en uitbou.

Ouers en/of besoekers moet selfbeheersing toepas en respek, hoflikheid en verdraagsaamheid teenoor mekaar, opvoeders, leerders, mede-toeskouers, afrigters, skeidsregters, beoordelaars en teenstanders betoon.

Opvoeders, deelnemers, afrigters, skeidsregters of beoordelaars mag nie geïntimideer word nie.

Fisiese geweld, lasterlike en beledigende taal of onwelvoeglike tekens gedurende sportwedstryde of ander aktiwiteite is streng verbode.

Geen wapens of gevaarlike voorwerpe mag op die skoolterrein gebring word nie, tensy vir amptelike werkdoeleindes, soos in die geval van lede van die SAPD.

Afrigters mag nie gedurende kultuur- en sportoefeninge onderbreek word nie. Al is dit om raad te gee, reëlings te tref, terugvoering te vra of klagtes en probleme te bespreek nie.

Ouers mag geensins met ‘n afrigter se spankeuse inmeng nie.

Ouers mag die hoof/afrigter/spanbestuurders versoek om op ‘n gepaste tyd en plek enige navrae, klagtes en voorstelle te bespreek.

Gesprekke tussen ouers en personeel/afrigters behoort wedersyds op ‘n konstruktiewe, hoflike, beheerste en eerbiedige wyse te geskied.

Veiligheid en Sekuriteit

Geen ouer/besoeker mag die skoolgebou betree behalwe deur die hoofingang van die skool nie.
Meld asseblief te alle tye by die administratiewe kantoor aan. ‘n Sekretaresse sal u dan help. Geen ouer mag na klaskamers beweeg, sonder dat ‘n personeellid u vergesel nie.
Slegs snoepiepersoneel sal in die vierkant toegelaat word tydens skoolure.

Kommunikasie met onderrigpersoneel

Onderwyspersoneel kan **nie** reageer op WhatsApp-boodskappe tydens skoolure nie.
Dringende boodskappe kan telefonies aan die administratiewe personeel gegee word.
Onderwyspersoneel kan na-ure tot 18:00 gekontak word.

Indien daar ‘n situasie ontstaan waaroor u inligting benodig of ongelukkig is, kan u die betrokke personeellid vir ‘n afspraak kontak.

Indien daar steeds onopgeloste sake is, word die skoolhoof in kennis gestel. Eers daarna kan die beheerliggaam gekontak word vir verdere intervensie.

Skoolbywoning

Skoolbywoning is verpligtend. Afsprake by dokters en spesialiste moet verkieslik na-ure gedoen word. Indien dit nie moontlik is nie, kontak u kind se klasonderwyser in hierdie verband.

Leerders moet die skoolterrein stiptelik verlaat, nadat die skool gesluit het. Leerders wat 15 minute na skool gesluit het, nog op die terrein is, sal na Nasorg gestuur word vir ouers se rekening.

Die skool neem tydens skoolure asook tydens **binne-**skoolverband sportsoorte verantwoordelikheid vir u kind.

Die skool neem **geen** verantwoordelikheid vir u kind tydens sportsoorte wat deur buite-afrigters op die terrein van Laerskool Gamtoosvallei afgerig word nie.

Ek neem kennis van bogenoemde inligting rakende geslotekringtelevisie, dissipline asook die gedragskode van die skool.

_____ _____
OUER/VOOG DATUM